DEEL 115 | WEEK 28 | 14 JULIE | 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# AANWINS VIR STRYD TEEN VELDBRANDE



*Op die foto: Working on Fire-span saam met Pieter Kemp (Koördineerder), Tommy Esterhuizen, Jeff Roos (Voorsitter Vegkop-brandvereniging) en Gerrit Viljoen (Voorsitter Slootkraal-en Gottonburgbrandvereniging)*

Heilbron se Working on Fire-span het Dinsdag kosbare hulp verleen om die veldbrand in die Vegkop omgewing te blus met die brandweertrok wat Maandag in ontvangs geneem is. "Die behoefte aan 'n trok in Heilbron is duidelik wanneer ons na die statistieke van die vorige jare kyk." vertel Pieter Kemp, koördineerder van die sambreel brandvereniging van die Fezile Dabi Working on Fire-span. Dié Brandweertrok is aan Heilbron toegeken en was voorheen gebruik in Parys wat nou 'n nuwe trok ontvang het.

Voertuie vir noodhulpdienste, soos brandweertrokke, speel 'n kritieke rol in gemeenskappe. Dit geld veral vir landelike gebiede, waar plase 'n groot deel van die ekonomie en lewensonderhoud vorm. Die voordele van 'n brandweertrok vir boere is dat die kostes minimaal is – slegs R12 per kilometer plus BTW, as hulle lid is van 'n brandbeskermingsvereniging. Boere wat nie by 'n brandbeskermingsvereniging aangesluit is nie, moet egter die volle koste dra. Hierdie koste sluit die gebruik van die trok en die bemanning met hul toerusting in. Vir boere wat graag sou wou aansluit by 'n brandbeskermingsvereniging, beloop die kostes R350 per jaar.

Volgens Kemp het die personeel van Working on Fire reeds die nodige opleiding ontvang om vinnig en doeltreffend op te tree met veldbrande, maar is egter nie opgelei vir huisbrande nie. Boere het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die veld- en bosbrandwet om te verseker dat alle voorsorgmaatreëls in orde is om brande te voorkom. Dit is waar Working on Fire van hulp is. Boere reël onder mekaar hoe om strategies voorbrande te doen en die Working on Fire-span help daarmee, maar bly steeds die grondeienaar se verantwoordelikheid.

Daar is tans vier brandbeskermingsverenigings – Vegkop, Hoogte, en Moedersdeel. Gottenburg en Slootkraal het 'n gesamentlike brandvereniging.

Die nuwe brandweertrok in Heilbron is 'n belangrike bydrae tot die gemeenskap se veiligheid. Met die samewerking van organisasies soos Working on Fire en die betrokkenheid van die boere self, kan ons hoop dat die gemeenskap in staat sal wees om veldbrande effektief te bestry en skade aan eiendom en weiding te beperk.









# Anxiety and panic disorder

• *Heilbron Kliniek*

Feeling worried, anxious, and nervous is a normal part of everyday life. Everyone frets or feels anxious from time to time.

Anxiety can cause both physical and emotional symptoms. A specific situation or fear can cause some or all of these symptoms for a short time. When the situation passes, the symptoms go away.

**Physical symptoms**

- Trembling, twitching or shaking
- Light-headedness or dissiness
- A feeling of fullness in the throat or chest
- Muscle tension, aches or soreness
- Restlessness
- Fatique
- Insomnia
- Breathlessness or rapid heartbeat
- Sweating or cold, clammy hands

**Emotional Symptoms**

- Feeling keyed up and on edge
- Excessive worrying
- Fearing that something bad is going to happen
- Poor concentration
- Irritability or agitation
- Constant sadness

Many people, including children an teens, develop anxiety disorders in which these symptoms occur for no identifiable or rational reason. This type of anxiety can become overwhelming and is not normal. People with an anxiety disorder may develop irrational and involuntary fears (phobias) of common places, objects or situations. Panic disorder is a common anxiety related disorder. People with panic disorder have periods of sudden, intense fear and anxiety when there is no clear cause or danger. These panic attacts can cause frightening (but not life-threatening) symptoms, such as a pounding heart, shortness of breath, a feeling of choking or suffocation and a sense that you are about to lose control or die. People who have panic attacks may try to avoid any situation or behaviours that might trigger another attack. This often results in a higher level of anxiety. Self-care often combined with counselling and medication, can be effective in managing anxiety and panic disorder.

**Home Treatment**

The following home treatment tips can relieve simple anxiety and can also help if you are receiving medical treatment for anxiety or panic disorder.

• Recognise and accept your anxiety about specific fears or situations. Then say to yourself, "This is not an emergency. I feel uncomfortable, but I am not in danger. I can keep going even if I feel anxious."

- Be kind to your body
- Relieve tension by exercising or getting a massage.
- Practise relaxation techniques.
- Get enough rest.
- Avoid alcohol, caffieine and nicotine. They can increase your anxiety level, cause sleep problems or trigger a panic attack.
- Engage your mind
- Get out and do something you enjoy, such as going to a funny movie or taking a walk or a hike.
- Plan your day. Having too much or too little to do can make you more anxious.
- Keep a record of your symptoms. Discuss your fears with a good friend or family member, or join a support group for people with similar problems. Confiding with others sometimes relieves stress.
- Get involved in social groups or volunteer to help others. Being alone sometimes makes things seem worse that they are.

When to call a health professional

- If you are seriously considering harming yourself or someone else.
- If anxiety or irrational fear interferes with your daily activities.
- If sudden, severe attacks of fear or anxiety with physical symptoms (shaking, sweating) seem to occur for no reason.
- If symptoms of anxiety are still severe after one week of home treatment.
- If you suffer from nightmares or flashbacks to traumatic events.
- If you are unable to feel certain about things (e.g., whether you unplugged the iron) no matter how many times you check or if repetitive actions that you cannot control interfere with your daily activities.

# Emosionele fases na 'n traumatiese ervaring

• *Heilbron Kliniek*

**1. Ontkenning**

"Dit is nie waar nie", onvermoë om daaroor te praat. Tree op asof niks verkeerd is nie. Neiging tot isolasie. Emosionele pyn word ontken.

**2. Aggresiewefase**

Verbale en nie-verbale manifestasie van woede, jaloesie en weerstand. "Waarom ek?" Poging om angs te verminder. Projeksie van woede teenoor omgewing en almal. Voortdurende en onversadigbare eise. Frustasie en angs. Openlike en luide huilbuie. Toename in irritasievlak, veral ten opstigte van omgewings-stimuli, soos geraas verandering in roetine en optredes van mense.

**3. Onderhandelingsfase**

Vra vir persone vir spesiale gunste en versoek (net hierdie keer, dis dalk die laaste guns). Onderhandel met God, uitstel van die dood met sekere beloftes.

**4. Depressiewe fase**

Verbale utdrukking van verlies. Pre-okkupasie met verlies, praat, dink en broei daaroor, voer alle gesprekke terug hierheen. Stilte, diepe bekommernis oor agterblewende, vra vir 'n gebed, besoek van 'n persoon of geestelike begeleiding.

**5. Aanvaardingsfase**

Pasiënt het reeds aan alle sterk emosies uiting gegee. Toon baie min emosie en is baie kalm. Toon behoefte om afskeid te neem. Pasiënt begin hom losmaak van die lewe, belangstelling verminder en het behoefte om net een betekenisvolle persoon by hom te hê.

'n Persoon se eerste reaksie op die nuus is gewoonlik skok. Skokreaksie verlam hom emosioneel, sodat hy nie die realiteit kan aanvaar of verwerk nie.

Hy hanteer die skok met ontkenning. Dit dien as 'n buffer teen die emosionele pyn, gee die persoon die geleentheid om homself te oriënteer en ander verdedegingsmeganismes te mobiliseer. Tydelike ontkenning is dus normaal en 'n gesonde manier om die aanvaklike pyn te hanteer. Volgehoue ontkenning tot die einde kan egter lei tot 'n hoër spanningsvlak en groter lyding.

Hoe gou 'n persoon uit die ontkeningsfase kom, hang af van:

- Hoe die nuus oorgedra is.
- Hoeveel tyd daar is om erkenning te gee aan die realiteit.
- Hoe hy nog altyd spanningsituasie hanteer het.

# Uitdiepen: *Week 28 van 2023*



Ek voel vandag baie versigtig om te skryf wat ek graag wil skryf, alhoewel ek dink dit 'n skrywe benodig. Dit klink soos die seremoniemeester wat nie geweet het wat om te sê nie. Daarom sê hy: "Ek voel ek wil iets sê wat ek graag wil sê en ek dink ek gaan nou sê wat ek graag wil sê."

Want ek ken die mense van wie ek skryf.

Wanneer ek die koerante en sommige finansiële publikasies lees, kom ek agter dat daar mense is wat hemelhoë salarisse ontvang. As hulle die kwalifikasies het en die werk kan doen, is ek bly saam met hulle. Daar is ook mense wat ondergemiddelde salarisse verdien, ook as gevolg van kwalifikasies (dalk 'n gebrek daaraan of kwalifikasies in 'n totaal ander rigting). Ek sien die gemiddelde salaris van 'n Suid-Afrikaner en ek is dankbaar vir die werk wat ek het.

Ek en my goeie man weet wat ons maandelikse inkomste is. Ons weet wat betaal moet word en ons werk volgens 'n begroting. Wel, nie eintlik ek nie, want ek verstaan niks van 'n begroting nie. My goeie man sê ek werk met 'n teikenbedrag wat uitgegee moet word.

Grappie.

Ons weet wat ons het, ons weet watter belangrike rekeninge of paaiemente eerste betaal moet word, ons weet watter bedrag gaan kerk toe, wat kan uitgegee word en watter deel gespaar moet word. Dis glad nie so moeilik nie. As daar nie geld is vir iets nie, dan moet dit maar oorstaan tot die volgende maand of totdat daar genoeg gespaar is.

Indien ons kinders op skool gehad het, sou ons daarvoor ook moes begroot. Om goeie onderrig by 'n ordentlike skool te kry, is ononderhandelbaar. Dink ek. Ja, daar is mense wat dit nie kan bekostig nie, maar dan kan jy met die skoolhoof daaroor gesels. Daar is ook, hier en daar, geen-skoolfonds skole, wat nie te sleg is nie.

Ons werk altwee. Omdat ons wil en omdat ons moet. Ons altwee spaar. Omdat ons kan en omdat ons moet. Ons ry nie met groot, ghrênd karre rond nie. Omdat ons twee kleiner, ouer karre het. Ons probeer nie beter as ons bure wees nie, want ons het nie nodig om aan iemand iets te bewys nie.

Iemand wie ek ken ondervind tans finansiële probleme. Erge finansiële probleme. Wat ek nie kan verstaan nie, is dat finansiële probleme nie meer na sulke erge finansiële probleme lyk nie, want dit is bloot business as usual.

Hulle geniet elke luuksheid wat hulle kan bekom, sonder om die implikasie daaroor te bedink. Koop nog 'n versamelaarsitem waarmee eers gespog word en daarna op 'n rak gaan staan.

Die rekenaar, nie die een waarmee werktake gedoen word nie – hierdie ene is vir speel – is van die beste. Daar is 'n groot skerm wat nie eers op my lessenaartjie sal kan inpas nie.

Ek kan nie die versekering van die motor waarmee hulle tans ry, bekostig nie. Dis regtig 'n luukse motor, maar ek hoef niemand te beïndruk nie. Ek weet nie of hulle wil nie. My gryse ou pa sou gesê het dat so 'n kar se linkerlig na die linkerkant toe kyk en die regterlig na die regterkant toe kyk. Op soek na 'n petrolpomp, want daai ding vreet sous, sou hy sê.

Daar is 'n tuinman wat drie keer per week kom werk, so ook een dame wat die huis skoon hou en 'n ander wat wasgoed was en stryk. Hoe bekostig jy dit wanneer jy elke maand rekeninge met rooi plakkers kry?

'n Ander gesin het bankrotskap in die gesig gestaar. Gou het hulle al hulle duur meubels na die familie gestuur, en ou, verslete stoele in hulle sitkamer gehad. Dieselfde met plaasimplemente: die vriende en familie het dit kom haal, net-net betyds vir die balju, en daar was net gemors op die plaaswerf. Wat baie min werd was.

Ses maande daarna is alles weer aan hulle teruggegee en dit was asof daar niks gebeur het nie.

Hier is wat ek wonder: as jy die trein sien aankom, hoekom doen jy nie iets aan jou leefwyse nie? As net een van die ouers werk, soek 'n werkie vir die ander ouer sodat beide kan bydra, al is dit hoe klein. Maak pannekoek en verkoop dit. Gaan vyl ouer mense se toonnaels, as dit daarop aankom. Dit gaan net nodig wees totdat die gesin uit (effense) moeilikheid is, nie vir ewig nie.

Hoekom kort jy nie jou uitgawes in nie? Los die luukses. 'n Motor met verhitte sitplekke is nie meer 'n opsie nie. Ook nie gejelde naels nie of maandelikse gesigbehandelings nie. Die nuuste legodingetjie is nie nodig nie. Ook nie weeklikse wegneemetes nie.

Dalk is ons generasie anders grootgemaak. Ons ouers was van die Stil Generasie (1928 to 1945) en die Baby Boomers (1946 to 1964). As gevolg van al die moeilikheid, oorloë, resessies en werkloosheid het hulle geleer om te spaar en om vir more voorsiening te maak.

Dis presies wat vandag se les is: probeer om wys met geld om te gaan. Moenie meer skuld maak as wat jy kan betaal nie, betaal eerste die belangrikste dinge.

Om terug te kom na die gesin met die finansiële probleme: Ek bied aan om vir hulle 'n lekker koek te bak om hulle te bederf. Ek is uitspattig met die versiersel, daar is tot nartjiesegmente op die koek, saam met wit sjokolade ganache en blinkers. Uiteindelik land die koek in hulle kar. Waarop ek bedank word. Met die volgende:

"Jislaaik, julle, ons het nou al so baie koek gekry, ek is skoon dik vir koek."

Marie Antoinette, wat in 1789 wou hê dat haar onderdane koek moet eet in plaas van brood, sou haar hande saamgeslaan het.

Wat my laat wonder hoekom ek uit my pad wou gaan om hulle te help.

Laat ek net nog bietjie daaroor dink.

# Gerhard ryg die visse in



Gerhard Fourie, leerling van Hoërskool Reitz, het van die 1ste tot 8ste Julie in Namibië as deel van die Junior Protea hengelspan van Suid Afrika deelgeneem. Die Junior Proteaspan het baie goed gevaar in die eerste toets van die 2023 Streek 5 Junior Toernooi by Hardapdam in Mariëntal, Namibië. Na 'n spanningsvolle dag van hengel het Suid-Afrika die eerste toets gewen met 'n telling van 7 punte teenoor Namibië se 13 punte.

Gerhard Fourie het besonder goed presteer en het bygedra tot die sukses van die span. Hy het Reitz se naam hoog gehou in Namibië en verdien ook erkenning vir sy individuele prestasies. Die tweede toets is ook reeds verby, maar daar is nog nie uitslae bekendgemaak nie Tydens die derde toets het Suid-Afrika en Namibië gelykop geëindig met 10 punte elk. Albei spanne weeg ook presies dieselfde gewig in 71.70kg. Suid- Afrika wen egter die derde toets op vistelling met 54 teen oor Namibië se 45 visse. Die Junior Protea span wen dus die toets-reeks met 3 punte teenoor Namine se 5 punte.

Die volgende hengelaars is ook opgeneem in die streek 5 junior span.

Emile Ras – SA
Sven von Lieries – Namibië
Shivaal Sooklal – SA
Gerhard Fourie – SA
Drihan Smith – Namibië
Sampie van Greuning – SA (bestuurder)

# Richardt deel van N-Vrystaat span



Richardt Smith, 'n leerling van Hoërskool Heilbron, kan met trots terugkyk op sy harde werk en oefening tydens die rugbyseisoen. Sy toewyding en vasberadenheid het hom 'n plek in die Onder 19 Noord-Vrystaat Bokkieweek verseker, wat vanaf die 3de tot die 7de Julie in Kroonstad plaasgevind het. Vir Richardt is hierdie prestasie 'n groot eer en iets waarop hy trots kan wees. Om gekies te word as deel van die Noord-Vrystaat span is 'n bewys van sy talent en vaardighede in sy sport. Sy betrokkenheid en harde werk het hom die geleentheid gegee om sy vaardighede te toon en homself te meet teen ander uitstaande rugby spelers in die provinsie. Die gemeenskap van Heilbron is baie trots op Richardt en sal hom bly ondersteun in sy sportloopbaan.


## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

### TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER

Suitable service providers are hereby invited to submit proposal on the following:

| BID NUMBER | BID DESCRIPTION | COMPULSORY INFORMATION SESSION DATE & VENUE | EVALUATION CRITERIA | CONTACT PERSON | CLOSING DATE & TIME |
|---|---|---|---|---|---|
| NLM:FIN-4-2023 | Appointment of a Service Provider for the compilation and maintenance of the valuation roll and supplementary valuation rolls for the financial years **1 JULY 2024 TO 30 JUNE 2029** | Wednesday, 18 July 2023, 10:00 am at the Parys Municipality offices<br>**Non – Refundebile Fee** R1000.00 | 80/20<br>80 Points – Price<br>20 Points – BBBEE<br>Functionality included in the bid document | Me K.D Mtimkulu<br>Revenue Manager<br>071 680 0900<br>kgomotso@ngwathe.co.za<br>**For SCM Enquiries**<br>Mr T Toyi<br>(0)56 816 2700<br>toyit@ngwathe.co.za | 28 July 2023 (Friday) @ 12H00 |

The documents will be available on Ngwathe local municipality office at SCM Offices or through email after the municipality receives the proof of payment sent through to SCM on the provided email above.

Copy of the above bid is available at SCM Offices at a non-refundable amount as **stipulated** on the above column; payable by cash at the municipal cashier point or direct deposit with a proof of deposit)

The bid number to be used as reference and deposit slip must be submitted as proof of payment on collection of bid document.

Tenders, completed in black ink as prescribe, shall be sealed in an envelope marked with bidder's address, Tender No. and Description and be deposited in the TENDER BOX at Ngwathe Local Municipality, Ground Floor, Liebenberstrek, Parys, 9585.

Compulsory: Bidder must submit two set of bid documents, (1) hardcopy and (2) scanned copy of the origional bid with supporting documents (soft-copy).

No bid will be accepted from persons in the service of the state.

No telegraphic, telefax and late Bids will be accepted.

Bids will remain valid for 90 days.

All bidders must ensure that they are registered on the National Treasury Central Supplier Database via the following link: business.support@csd.gov.za.

Since no business will be conducted with any bidder who is not registered on the database

**Bidders must take note of the following:**

- Valid company tax clearance certificate be attached
- Certified copy of the company registration certificate / founding certificate must be attached.
- Copy of company profile with clear references.
- Valid BBBEE verification certificate must be attached.
- CSD registration report/support number.
- Valid letter of good standing (COID)
- Submission of Accreditation with SACPVP
- Submission of SETA Accreditation to undertake training
- Proof of Mass Valuation Software suitable for this project
- Municipal rates & taxes information in the bid document must be duly completed by your Local Municipality or your Landlord (which is not more than three (3) months old and not more than ninety (90) days in arrears)
- All compulsory/ supplementary forms must be fully completed.
- A briefing cession will be conducted; any queries must be directed to Revenue Manager/Acting Chief Financial Officer
- Failure to comply with the above-mentioned conditions may invalidate your bid.

Ngwathe Local Municipality fully reserve the right not to accept the lower tender or accept the whole or part of the any tender or not to consider any tender submitted.

**Me K.B. Lepesa**
**Acting Chief Financial Officer**


# Skitter by Cravenweek



Gerrit du Plooy, leerling van Hoërskool Heilbron, het onlangs deelgeneem aan die Cravenweek O/13 toernooi in Pietermaritzburg, waar hy vir die Valke XV-span gespeel het. Die Cravenweek-toernooi word reeds sedert 1964 aangebied en alle provinsies van regoor die land neem daaraan deel. Hierdie jaar is die toernooi by Maritzburg College aangebied, waar Namibië en Zimbabwe ook verteenwoordig was. Dit was 'n enorme voorreg en 'n wonderlike ervaring vir Gerrit om aan hierdie prestigeryke toernooi deel te neem. Hy het die geleentheid gehad om sy talent en vaardighede ten toon te stel teen die beste spelers in sy ouderdomsgroep in die land. Die mededinging was taai en die spel was van 'n hoë standaard, maar Gerrit het homself goed van sy taak gekwyt.

Een van die hoogtepunte van die week vir Gerrit was toe hy as Speler van die Wedstryd aangewys is in die wedstryd teen die Cheetahs. Hierdie toekenning is 'n erkenning van sy uitstaande prestasies en sy impak op die veld. Dit is 'n prestasie waarop hy met trots kan terugkyk en wat hom sal inspireer om sy rugbyloopbaan voort te sit met passie en vasberadenheid.

# Jaggewere gereed, om jagpryse te geniet!


Na weke se styf duim vashou, naelkouery en gesoute jagters wat elke nou en dan vir Ds Braam vra "Het ek die Buffel al gewen?", is die lang afwagting uiteindelik nou verby. Met meer as 600 kaartjies wat verkoop is, was die opgewondenheid groot tydens die trekking van die NG Kerk Heilbron Moedergemeente se jaarlikse buffelkompetisie. Die trekking, wat Vrydag 7 Julie plaasgevind het, het verseker dat elke jagter se foon byderhand was vir daardie belangrike oproep! Tiaan Roux, kaartjienommer 776, was die gelukkige jagter wat die voorreg het om 'n buffelbul te gaan plattrek. Hy was egter nie die enigste wenner nie, 6 ander gelukkige jagters maak nou hulle jaggewere skoon om hulle pryse te gaan opeis.

**Die wenners is as volg:**


1. Tiaan Roux - #776
2. James White - #723
3. Wynand Nortje - #277
4. Francois Vermeulen - #277
5. Albie Schoeman (Snr) - #837
6. Alzan Myburgh - #175
7. Johan Oosthuizen - #852



*Op die foto wenner van die buffel: Tiaan Roux*




*Francois Vermeulen*



*Wynand Nortje*




*Johan Oosthuizen*



*Elbie Schoeman*



*Alzan Myburgh*



*James White*






*Op die foto vl: Jacques van Rooyen, Abrie Watson, ds Braam van Zyl, Marina van Zyl, Petra Els en André J van Rensburg.*

# Ngwathe: Diepe kommer oor probleme

DA-raadslede is "diep bekommerd" oor voortslepende wanadministrasie en toenemende skuld in Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit. Heilbron is een van die vyf dorpe in Ngwathe.

Wan-administrasie vloei daaruit dat Ngwathe sedert vroeg Maart sonder 'n munisipale bestuurder is nadat die vorige bestuurder summier en onder vreemde omstandighede bedank het. "Ons weet nou nog nie waarom sy weg is nie," sê DA-raadslid Robert Ferendale van Heilbron aan Herald. " 'n Waarnemende een is deur die Provinsie aangestel, maar sy termyn het onlangs (30 Junie) verstryk." Hy sê daar is ook reeds 'n jaar lank nie 'n hoof finansiële beampte nie, hoewel 'n waarnemende beampte vandeesmaand aangestel is. Ook ander direkteursposte is vakant.

Intussen groei die munisipaliteit se skuldlas dag na dag. Ngwathe skuld Eskom bykans R1,9 miljard, en skuld ook baie aan die Randse Waterraad (o.m. vir Heilbron se drinkwater) en aan privaat leweransiers. "Van ons wateraanlegte was onlangs tydelik sonder sekere reinigingsmiddels omdat die leweransiers se rekenings nie betaal is nie," sê DA-raadslid Saal de Jager, 'n sakeman van Parys.

Die nuwe begroting (sedert 1 Julie in werking) is gebaseer op 'n beplande jaarverlies. Rdl Phillip van der Merwe (VF+), 'n prokureur van Heilbron, het in Mei tydens die begrotingsdebat daarop gewys dat só 'n begroting onwettig is.

Die DA het sy kritiek ondersteun, en gesê die swak konsep-begroting eis dat 'n Finansiële Herstelplan onmiddellik in werking moet kom. DA-raadslid Arnold Schoonwinkel het voorgestel dat die raad se staande komitee oor finansies (FinKom) onmiddellik twee-weekliks ontmoet om die Raad se Herstelplan te vernuwe, te verfyn, en meer kragdadig toe te pas. " 'n Tesourie-amptenaar moet as sekretariaat optree om projekte te identifiseer, na te vors, en tot uitvoering te help lei," het Schoonwinkel gesê. Hy het versoek dat insette vanaf sakelui en inwoners aangevra en benut word, en ook dat die voorvereistes wat Eskom stel en nog mag stel vir die afskryf van munisipale skuld duidelik nagestreef word.

Die VF+ het die DA-voorstel ondersteun, asook die EFF. "Selfs Burgemeester Victoria de Beer en senior ANC-raadslid Kau Khumalo was entoesiasties," sê Schoonwinkel. Dit is daarna eenparig aanvaar. "Maar niks het nog gebeur nie, dis rampspoedig."

Ook is R6,5m begroot om deur middel van nuwe tegnologie Eskom se maandelikse kragrekening "blykbaar met miljoene rand per maand" te probeer verminder. "Maar ook daarvan het nog niks gekom nie," sê Rdl De Jager.

Die DA is tans in gesprek met sakelui en kenners oor dringende regstelstappe.

EST.2021
OJ'S
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
AARTAPPEL & PREI SOP!
Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99


HERALD Gemeenskapsnuus

# Piet Boshoff groet BKB na twee dekades van diens

Na 'n indrukwekkende loopbaan van 20 jaar, het Piet Boshoff op 29 Junie vir die laaste keer as bemarker by BKB opgetree. Die 68-jarige het in 2003 by BKB begin werk en het sedertdien 'n onuitwisbare indruk gemaak op sy kollegas en gemeenskapsgenote.

Jan-Hendrik Claassen, 'n vriend van Piet en medewerker by BKB, het 'n bietjie lig gewerp op die betekenisvolle rol wat Piet in sy lewe gespeel het. "Toe ek in Heilbron aangekom het en niemand geken het nie, het Piet my onder sy vlerk geneem," het Jan-Hendrik vertel. "Ek het baie van hom geleer en hy het 'n groot impak op my gehad."

Piet word deur sy kollega beskryf as 'n uitsonderlike mens met 'n hart van goud. Hy is altyd bereid om ander te help en sy vriendelikheid is deur die jare heen 'n kenmerk van sy karakter gewees. Sy bydrae tot BKB kan ook nie onderskat word nie – hy het die onderneming met passie en toewyding gedien.

BKB, as 'n groot rolspeler in die landboubedryf, waardeer Piet se bydrae oor die jare heen. Sy kundigheid as bemarker en sy verbintenis tot uitnemendheid was van onskatbare waarde vir die maatskappy. Piet is 'n gerespekteerde lid van die gemeenskap, en sy werk word wyd erken en gevier.

Met sy aftrede van BKB beplan Piet om homself besig te hou met sy passie vir die herstel van ou trekkers. Piet het ook nie versuim om elke kliënt te bedank wat hom oor die afgelope 20 jaar ondersteun het nie. Hulle het hom in staat gestel om sy passie na te streef en suksesvol te wees in sy loopbaan.

Terwyl Piet Boshoff die volgende fase van sy lewe betree, sal hy onthou word as 'n lojale en betroubare medewerker, 'n vriendelike siel en 'n waardevolle lid van die gemeenskap. Sy nalatenskap sal voortleef en sy bydrae aan BKB en die landboubedryf sal altyd onthou word.



*Op die foto agter vl: Roelof Heenop, Jan-Henrik Claassen, JD Steyn, SC de Jager en Deon Stegman. Voor vl: Cassie Muller, Piet Boshoff en Piet Muller.*

# Voorkoming is beter as genesing

GROW Healthy
LIFESTYLE COACH

Wilanda van Rooyen is 'n inspirerende individu wat passievol is oor gesondheid en welstand. Sy het vier jaar lank op die PUK gestudeer om haar graad as Biokinetikus te behaal, en dit toon haar toewyding tot die bevordering van 'n gesonde leefstyl. Vir Wilanda is 'n gesonde leefstyl van uiterste belang. Sy het 'n vierweek-program ontwikkel waarin individue kan deelneem om te help om 'n gesonder en gelukkiger weergawe van hulself te word. Tydens hierdie program ondersteun sy mense op hul reis om te verstaan wie hulle wil wees, hoe hulle in hul lewens wil voel, en om selfversekerde eet- en fiksheidsbesluite te neem wat in hul beste belang is."My passie is 'n gesonde leefstyl," sê Wilanda. "Ek het so baie geleer oor wat gesondheid behels en hoe ons dit ten volle kan benut met ons liggaam, verstand en siel. My doel is om mense te help om 'n beter weergawe van hulleself te word deur basiese leefstylveranderinge. Wilanda glo sterk daaraan dat voorkoming beter is as genesing, en dit is hoekom dit so belangrik is om elke dag aksie te neem in ons lewens. Sy wil mense help om goeie besluite te neem wat voordelig sal wees vir elke individu en hul gesin se gesondheid. Sy het 'n diep begrip van die krag van gesonde kos en oefening, en hoe dit vreugde en vervulling in 'n persoon se lewe kan bring. Een van die aspekte waarop Wilanda fokus, is die regulering van glukosevlakke deur middel van die regte kos op die regte tyd te eet. Sy is oortuig daarvan dat stabiele glukosevlakke 'n groot verskeidenheid voordele inhou:

Gevoel van volheid, verbeterde selfbeeld, beter slaappatroon, verbeterde geestelike gesondheid, regulering van hormonale gesondheid, skoner vel en gewigsbeheer, om net 'n paar te noem. Wilanda van Rooyen is 'n ware voorstander van 'n gesonde leefstyl en wil mense help om hierdie voordele te ervaar. Deur haar kundige raad en ondersteuning kan individue die nodige veranderinge maak om 'n beter weergawe van hulleself te word. Sy bewys dat deur die aanneming van 'n gesonde leefstyl, mense 'n gelukkiger en ‘n meer vervullende lewe kan lei.







## Tweede bunker by Reinet Depot ook vol



*Reinet Depot het op 6 Junie 2023 amptelik in Heilbron geopen met 'n kapasiteit van 3 x 10 000 ton bunkers. Hulle het aangekondig dat die tweede bunker ook reeds vol is, met die derde bunker wat reeds 2200 ton mielies teen Woensdag ontvang het. Die VKB depot het teen einde Junie al 17 000 ton geelmielies ontvang, met 'n gemiddeldde 850 ton per dag.*

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

**Boedelnommer: 1291/2023**
Van: **SPIES**
Voorname: **SOPHIA ELIZABETH JOHANNA**
Geboortedatum: **22 JUNIE 1948**
Laaste adres: **HUIS BRON-VAN-HEIL, HEILBRON, 9650**
Datum oorlede: **9 DESEMBER 2022**
Meesterskantoor: **BLOEMFONTEIN**
Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderinge in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende binne 30 dae vanaf 14 Julie 2023
Geteken te Parys op hierdie 22ste dag van Junie 2023.
**DIE EKSEKUTEUR**
**KERKSTRAAT 24**
**PARYS, 9585**
**VERW: SEJ/AdP**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **SERFONTEIN**
First names: **JACOBUS HENDRIK**
**ESTATE NUMBER: 3746/2023**
Identity/passport number: **680427 5135 084**
Date of death: **08/05/2023**
Last address: **76 Els Street, Heilbron**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE**
**Date submitted: 2023/07/05**
**Publication Date: 2023/0714**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **WEPENER**
First names: **HESTER CECILIA**
**ESTATE NUMBER: 3691/2023**
Identity/passport number: **311128 0009 087**
Date of death: **30/04/2023**
Last address: **1 De Wet Street, Petrus Steyn, Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE**
**Date submitted: 2023/07/05**
**Publication Date: 2023/0714**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel wyle **SAREL PETRUS DU PLESSIS,** ID 770818 5020 08 9, ongetroud & woonagtig gewees te Plaas Driefontein, Heilbron (Vrystaat Provinsie), oorlede op 17 Januarie 2018.
**Boedelnommer: 001595/2018**
**(Meester Bloemfontein)**
Hiermee kennis dat die gewysigde derde en finale likwidasie- en distribusie-rekening hierin, vanaf 14 Julie 2023 tot 7 Augustus by die kantore van die Meester Bloemfontein en Heilbron Landdroshof ter insae sal lê vir alle belanghebbendes.
Gedateer te Pretoria op hierdie 7de dag van Julie 2023.
**(GET) SA TINTINGER**
**TINTINGERS INC.**
**LANGESTRAAT 242, PRETORIA**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **LUITLOLENG**
First names: **JACOB MOLEFI**
**ESTATE NUMBER: 007687/2022**
Identity/passport number: **570724 5777 086**
Date of death: **19/08/2022**
Last address: **2154 Phiritona**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE**
**Date submitted: 2023/07/05**
**Publication Date: 2023/07/14**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **SADLER**
First names: **IZAK**
**ESTATE NUMBER: 3609/2023**
Identity/passport number: **491120 5097 086**
Date of death: **06/05/2023**
Last address: **Plot 111, Weltevrede, district Koppies, Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE**
**Date submitted: 2023/07/05**
**Publication Date: 2023/07/14**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Registered **Title T22137/2009** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of
**ELIZABETH NOKOANE RAMOELETSI**
**Identity number: 551203 0863 087**
Unmarried
In respect of
**ERF 4111 PHIRITONA (EXTENSION 4), DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 376 (THREE HUNDRED AND SEVENTY SIX) SQUARE METRES HELD BY DEED OF TRANSFER T22137/2009,** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at HEILBRON on this 14th day of July 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**RAM26/0001/JHJ/mp**

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za**

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# TE HUUR


*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen 079 040 0531**


# TE KOOP


**TE KOOP GEVRA**
Bakkies en motorkarre onder R100 000. Lopend of nie, asook 4 wiel motorfietse en waentjies.
**Skakel 071 331 0146 Heilbron**

**TE KOOP**
**Voer te koop.**
*Skakel gerus 083 688 8256*
K0597


# SMALLS


**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**





**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067
VLEISSENTRAAL


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***





**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078




HERALD *Sport*

# Heilbron Duiweklub Nuus

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Smithfield oor 'n afstand van 353km. Dit was 'n sonskyndag met 'n noordwestewind. Die duiwe se gemiddelde spoed was 75 k.p.u. Stemmett hokke het baie goed gedoen deur albei wedvlugte te wen.

**SMITHFIELD JAAROUD**

1. Stemmett Hokke, 2. Zenith A, 3. Zenith A, 4. F Viviers, 5. Zenith A, 6. Zenith A, 7. F Viviers, 8. Zenith A, 9. Zenith A, 10. IJ Lofts.

**SMITHFIELD OPE**

1. Stemmett Hokke, 2. Zenith B, 3.F Viviers, 4. Zenith B, 5. D Cilliers, 6. D Cilliers, 7. F Viviers, 8. Zenith A, 9. Stemmett Hokke, 10. Stemmett Hokke.

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 8 Julie het lede van Kransfontein Resiesduif klub vanaf Springfontein 'n Jaaroud en Ope Wedvlug gevlieg die duiwe is gesamentlik gelos om 07:45 en het oor 'n afstand van 378 kilometer gevlieg terug na Reitz.

Jaaroud wenduif is om 12:23 geklok.
1. Liefde Hokke A, 2. Spartan Pigeon, 3. Heine Resiesduif Hokke, 4. Wolmarans Hokke, 5. Du Plessis Hokke, 6. Du Plessis Hokke, 7. Du Plessis Hokke, 8. Heine Resiesduif Hokke 9. Heine Resiesduif Hokke, 10. Spartan Pigeon

Die wenduif op die Ope wedvlug is om 12:24 geklok
1. Wolmarans Hokke, 2. Heine Resiesduif Hokke, 3. Du Plessis Hokke, 4. Spartan Pigeon, 5. Spartan Pigeon, 6. Spartan Pigeon, 7. Liefde Hokke B, 8. Spartan Pigeon, 9. Spartan Pigeon, 10. Spartan Pigeon

Eerskomende Saterdag vlieg die duiwe vanaf Colesberg af.













BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 17 JULIE 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 18 JULIE 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

MIDDELBURG: ALZU BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, Middelburg
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAMKLUB
60 Ramme
11:00, Vrede gholfklub
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

HARRISMITH: FERRERO BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, Grootdraai
Kontak Douw van Wyk 083 458 7853

**WOENSDAG - 19 JULIE 2023**

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

NORMANDIEN Twee-weeklikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 20 JULIE 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VREDE: CHARFONTEIN DOHNE MERINO'S PRODUKSIEVEILING
515 Skape
11:00, Humania
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**VRYDAG - 21 JULIE 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: ANDREW JORDAAN & SEUNS PRODUKSIEVEILING
90 Ramme
11:00, Frankfort gholfklub
Kontak Dean Stegmann 079 878 2109